higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEMARKINGKOMMUNIKASIE
NKR VLAK 4

(3041024)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
BEMARKINGSKOMMUNIKASIE
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies die korrekte term vanuit dié in hakies en skryf die term langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 (Stereotipering/Vooroordeel) verwys na aannames wat mense maak oor die eienskappe van alle lede van 'n groep gebaseer op 'n spesifieke beeld wat hulle van die mense in daardie groep het.

1.2 (Norme/Sielkunde) is een van die elemente van kultuur.

1.3 ('n Bemarkingsvoorstel/Bemarkingsnavorsing) is 'n dokument wat besonderhede gee oor die produk of dienste wat jy verskaf om aan kliënte se behoeftes te voldoen.

1.4 'n Regs- (aanbod/-transaksie) is 'n voorstel wat aan wetsvereistes voldoen om vir iemand iets in ruil vir iets anders te gee.

1.5 Die doel van 'n (memo/boodskap) is om die aandag op probleme te vestig.

1.6 (Grammatika/Leestekens) verwys na die korrekte gebruik van tekens.

1.7 'n Persverklaring vir (TV/radio) word bekyk.

1.8 Die gewildste formaat vir 'n pamflet is (A5/A0).

1.9 (Proeflees/Redigering) is die proses om 'n dokument na te gaan en veranderings aan te bring om te verseker dat dit 'n boodskap doeltreffend oordra.

1.10 'n (Inhoudstabel/Inleiding) is een van die komponente van 'n bemarkingsvoorstel.

1.11 'n Bemarkingsvoorstel kan met behulp van (PowerPoint/MS Word) voorgelê word.

1.12 (Zoeloes/Bruin mense) is een van die kulture wat in Suid-Afrika aangetref word.

1.13 (Diversiteit/Erfenis) verwys na die insluiting van verskillende soorte mense of dinge.

1.14 'n (Faks/Telegram) kan gebruik word wanneer 'n sekere kommunikasie onmiddellik aandag benodig en die posdiens te lank gaan vat.

1.15 Die doel van 'n (verkoopsbrief/verslag) is om besigheidsresultate, soos jaarlikse finansiële resultate, te dokumenteer.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 'n Subkultuur kan gedefinieer word as die stel oortuigings, gesindhede, waardes en gedrag wat kenmerkend van 'n spesifieke groep is.

2.2 Afrikakultuur verwys na kulture wat waardes en kultuurelemente uit Wes-Europa deel.

2.3 Kommunalisme is 'n gesindheid wat die behoeftes van die individuele persoon bo dié van die gemeenskap plaas.

2.4 'n Rooster met 'n kontrolelys kan gebruik word om te verseker dat die bemarkingsplan en geassosieerde aktiwiteite teen die ooreengekome tyd voltooi word.

2.5 Om duidelike doelwitte te stel, is een van die opnamevereistes om 'n bemarkingsopdragsessie by te woon.

2.6 'n Kateder is een van die visuele hulpmiddels wat 'n aanbieder kan gebruik om 'n voorlegging interessant te maak.

2.7 Kultuur kan deur literatuur uitgedruk word.

2.8 Toepaslike kleredrag is 'n vorm van nieverbale uitdrukking wat 'n aanbieder kan gebruik om welwellendheid teenoor/vanaf die gehoor te bevorder.

2.9 Musiek is een van die ooreenkomste wat Suid-Afrikaanse kulture deel.

2.10 Siswati is een van die elf amptelike tale in Suid-Afrika.

2.11 Bylae tot 'n verslag sluit enige ekstra inligting in wat die inhoud van die verslag duideliker maak.

2.12 Die aanbevelingsgedeelte van 'n verslag gee 'n kort bespreking van die hoofpunte en 'n kort opsomming van die belangrike punte.

2.13 Wanneer 'n mens 'n nuwe pamflet op 'n rekenaar ontwerp, is dit belangrik om die 'AIDA'-beginsels te volg.

2.14 Verdraagsaamheid is een van die beginsels van interkulturele kommunikasie.

2.15 Vooroordeel in bemarkingsveldtogte kan voorkom word deur Engels vir die advertensie te gebruik.

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 3

3.1

WOOLWORTHS BEHERENDE MAATSKAPPY

'n Inklusiewe en diverse werksplek is een van die groep se hoofprioriteite. As 'n groep is ons tot niediskriminasie, nieseksisme en nierassigheid verbind regdeur al ons beleide, praktyke en daaglikse aktiwiteite heen. Ons ag diversiteit en insluiting as sleutelkomponente van ons werknemerwaardeproposisie, en glo dat 'n sterk, diverse en inklusiewe strategie wat uniek is aan elke streek waarin ons funksioneer, 'n belangrike gedeelte van ons werknemersaantrekkingskrag en -rentensieraamwerk moet wees. As 'n groep streef ons deurlopend daarna dat geslagspariteit 'n fokuspunt bly.

Hoewel die plan op organisasievlak gefokus word, het ons verskeie teendiskriminasiebeleide wat daarop gemik is om 'n kultuur te skep waar al ons werknemers welkom voel, waar hulle glo en weet dat hulle regverdig behandel word en waar daar nie teen hulle gediskrimineer word nie.

Nakoming van wetgewing ten opsigte van breëbasis swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB) verseker dat Woolworths 'n betekenisvolle bydrae bly lewer ten opsigte van nasionale prioriteite om die nywerhede waarin ons funksioneer te transformeer en om die ekonomie meer inklusief te maak.

In die lig van die styging in geslagsgebaseerde geweld in die land, het ons met 'n belangegroep vir geslagsgebaseerde geweld saamgespan om ons beleid oor seksuele teistering te hersien en te verseker dit voldoen aan sy doel. Daarbenewens het ons ook uitgereik na die Suid-Afrikaanse Kommissie vir Geslagsgelykheid ten opsigte van sekere aspekte van ons operasionele beleide om te verseker dis geslagsneutraal en niediskriminerend. – Woolworths Beherende Maatskappy Beperk: 2021 'n Reis na Goeie Besigheid-verslag

[Verwerk vanuit: *https://topco.co.za/the-top-diversity-and-inclusion-companies/*]

3.1.1 Noem VYF metodes wat Woolworths kan gebruik om hul kollegas tot 'n positiewe bemarkingskultuur te beïnvloed. (5)

3.1.2 *'n Inklusiewe en diverse werksplek is een van die groep se hoofprioriteite.*

Gee VYF voorbeelde van diversiteit in 'n werksplek soos Woolworths. (5)

3.2 Bespreek die impak wat elkeen van die volgende Woolworths-belanghebbendes op die organisasie het:

3.2.1 Aandeelhouers

3.2.2 Werknemers

3.2.3 Regering/Reguleringsliggame

3.2.4 Gemeenskap

3.2.5 Verskaffers

(5 × 2) (10)

3.3 Noem VYF bemarkingsbeginsels wat Woolworths in hul bemarkingsveldtogte gebruik. (5)

3.4 Gee VYF algemene persepsies wat Suid-Afrikaners oor Woolworths het. (5)
[30]

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE maniere om data te sorteer en te selekteer. (3)

4.2 Verduidelik VYF riglyne om te volg wanneer 'n mens skyfies vir 'n PowerPoint-aanbieding oor 'n bemarkingsvoorstel opstel. (5 × 2) (10)

4.3 Noem VYF noodsaaklike hulpbronne vir bemarkingsopdragsessies. (5)

4.4 Noem VYF aspekte wat aktiewe luister beïnvloed. (5)

4.5 Noem VYF soorte inligting wat op die internet gevind kan word. (5)

4.6 Noem TWEE visuele hulpmiddels wat gebruik kan word tydens die voorlegging van 'n bemarkingsvoorstel. (2)
[30]

VRAAG 5

5.1 Suid-Afrika se hoofkragverskaffer, Eskom, beplan 'n aankondiging oor die instelling van beurtkrag fase 1 vanaf 17:00 vanmiddag tot 22:00 vanaand. Dis te wyte aan voortgesette tekorte in opwekkingskapasiteit. Die gebiede wat geraak gaan word, is Soweto, Midrand, die Tshwane SBD en sommige dele van KwaZulu-Natal.

Stel 'n koerantpersverklaring op om hierdie inligting te kommunikeer. (10)

5.2 Gee EEN voorbeeld van die formaat/uitleg wat vir elk van die volgende soorte skriftelike kommunikasie gebruik word:

5.2.1 Memorandum (5)

5.2.2 Boodskap (5)

5.2.3 Sakebrief (10)
[30]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik DRIE regsriglyne/-vereistes wat bemarkers in gedagte moet hou wanneer hulle 'n bemarkingsvoorstel opstel. (3 × 2) (6)

6.2 Bespreek VYF organisatoriese etiese beginsels wat in gedagte gehou moet word wanneer bemarkingsvoorstelle opgestel word. (5 × 2) (10)

6.3 Verduidelik elk van die volgende komponente van 'n bemarkingsvoorstel:

6.3.1 Uitvoerende opsomming (4)

6.3.2 Voorwaardes en bepalings (3)

6.3.3 Produk- of diensaanbod (3)

6.4 Noem VIER aspekte om in gedagte te hou vir die formaat van skriftelike kommunikasie aan 'n kliënt wat 'n klag ingedien het. (4)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou